DIE OLIELAMP

Nasionale Jeugblad van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

TEMA-UITGAWE:

CHRISTENWEES IN ‘N DEMOKRASIE

Redaksioneel

CHRISTENE IN DIE NUWE DEMOKRASIE

Ons jeug leef in ‘n baie veranderde tyd in Suid-Afrika. Dit is nie sommer net die politieke bestel wat verander het nie. Dit raak ons almal op verskeie lewensterreine. Ons land staan nou bekend as ‘n demokrasie. Op papier klink dit pragtig: alle burgers het die reg om te stem en het dus indirek deel aan alle besluite wat geneem word; alle burgers het die reg op ‘n burgerskap van gelyke waarde. In die praktyk is alles nie so fantasties nie. Die nuwe regering is skaars aan bewind of ‘n kommissie word aangestel om ‘n handves van menseregte op te trek. Kort daarna is die doodstraf afgeskaf en aborsie toegelaat. Die jongste toevoeging was die erkenning van homoseksuele persone se regte.
Ons het ook onlangs op die nuus gehoor dat die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke onenigheid het oor die vraag of aborsie moord is of nie. Daar is selfs beweer dat die fetus “slegs ‘n bloedklont” is.

Die jeug van die kerk kom voor vrae te staan. Wat hou die nuwe demokrasie vir ons, as gelowiges, in? Hoe staan ons teenoor menseregte? Hoe raak godsdiensvryheid ons? Mag of moet ons by die politiek betrokke raak?

Dit is moeilike sake, daarom moet ons soveel moontlik kennis versamel. Nie net wat werklik in die wêreld aangaan nie, maar nog belangriker: wat die Bybel daaroor te sê het. Daarom is hierdie uitgawe van die Olielamp ook spesiaal hieraan gewy. Lees gerus die artikels en reageer daarop. Ons kan altyd van mekaar leer.

Namens die Kaapse redaksie,
Maartje

INHOUD

Menseregte	Was dit ‘n kwessie in Bybelse tye?	Margreet Moes
	Die oplossing vir die wêreld se probleme?	Annemarie Lubbinge
	Wat sê die reg?	Arnoud van den Bout
Godsdiensvryheid	Wat is godsdiensvryheid?	Rinus Kamphuis
Politiek	Betrokke by politiek?	
Geweld	Ek het my aanvaller vermoor	Marié le Sueur
Algemeen	Klasie het probeer	
	Gesange sing	
Rehobot	Deur die sleutelgat	
	Ons nuwelinge	Maartje Eefting
Pretoria/Maranata	Aan die voet van die Magaliesberg	
Rondvraag	Verjaarsdae	

WAS MENSEREGTE 'N KWESSIE IN DIE BYBELSE TYD?

Margreet Moes

Die antwoord op hierdie vraag lê in Deuteronómium. Daarin word die meeste wette en voorskrifte aan die volk Israel volledig beskryf. Dis belangrik om daarop te let dat hierdie wetboek begin met die tien gebooie. Dit dien as basis vir die wette oor menseregte.
Al die regulasies was nie daar om *gelyke regte* aan alle mense te gee of om hulle op dieselfde sosiale vlak te plaas nie. Daar was rykes en armes, weduwees en skuldeisers, slawe en slawe-eienaars. God het wél die wette gegee vir die beskerming van die armes en die swakkes, maar Hy gee nie gelyke regte aan almal nie. Die wette stel sekere mense in gesagsposisies en ander om te volg en onderdanig te wees. God wil met sy wet die Israeliete leer van naasteliefde en barmhartigheid.

Let wel, dit gaan in Deuteronómium oor die regte binne die volk van God. Al die mense buite die volk het geen regte teenoor Israel gehad nie. God het die heidene aan Israel se mag oorgegee (Deut 20:12-14). Hier volg nou 'n paar voorbeelde van menseregte in die Ou Testament.

Deuteronómium 15:2: *En dit is die saak van die kwytskelding: elke skuldeiser moet kwytskeld wat hy aan sy naaste geleen het; hy moet sy naaste en sy broer nie aanmaan nie, want tot eer van die Here is daar 'n kwytskelding uitgeroep.*

Deuteronómium 15:12: *As jou broer, 'n Hebreeuse man of 'n Hebreeuse vrou, hom aan jou verkoop, moet hy jou ses jaar lank dien; maar in die sewende jaar moet jy hom as vryman van jou laat weggaan.*

Deuteronómium 17:6: *Op die verklaring van twee getuies of drie getuies moet die veroordeelde gedood word; hy mag nie gedood word op die verklaring van een getuie nie.*

Deuteronómium 19:4: *En dit is die saak van hom wat 'n doodslag begaan het, wat daarheen vlug, dat hy kan lewe: hy wat sy naaste sonder opset doodslaan, terwyl hy hom van gister en eergister af nie vyandig was nie.*

Deuteronómium 21:16: *Dan mag hy, op die dag as hy sy seuns sy besittings laat erwe, nie die eersgeboortereg aan die seun van die geliefde vrou gee tot nadeel van die seun van die nie-geliefde vrou, die eersgeborene nie.*

Deuteronómium 22:1: *Jy mag die bees van jou broer of sy stuk kleinvee nie sien ronddwaal en jou vir hulle verberg nie; jy moet hulle sekerlik na jou broer terugbring.*

Deuteronómium 22:5a:*'n Vrou mag geen mansklere dra nie, en 'n man mag geen vrouensklere aantrek nie.*

Redaksies:

Pretoria:
Redakteur: Dirk Boon (dboon@csg.pwv.gov.za)
Sekretaresse: Iemke Buenk
Penningmeester: Andreas Boon
Lid: Rinus Kamphuis
Tegnies: Bijker Broers (gerhard@wefa.co.za)

Maranata:
Redakteur: Johannes de Vries (johannes@ef.techpta.ac.za)
Sekretaresse: Anneke de Jager
Finansies: Cora Visser
Lede: Annemarie de Vente
Margreet Bron

Kaapstad:
Artikelversorging: Erik van Alten (hhva@mweb.co.za)
Margreet Moes
Finansies: Christine v/d Linden
Mirjam Raimond
Bladuitleg: Maartje Eefting

Kontakpersone:
Johannesburg: Wolter Bijker (wolter@global.co.za)
Bethal: Leclue Nienaber

Ons hoop om *Die Olielamp 9* keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende internet adres:
http://www.vgk.org.za/olielamp/

Koste: R35 per jaar

Deuteronómium 23:15-16: *Jy mag 'n slaaf wat van sy heer na jou ontsnap het, nie aan sy heer oorlewer nie. Hy moet by jou bly, in jou midde, in die plek wat hy in een van jou poorte uitkies, waar dit vir hom goed is; jy mag hom nie verdruk nie.*

Deuteronómium 23:19a: *Jy mag jou broer geen rente oplê nie.*

Deuteronómium 23:24: *As jy in die wingerd van jou naaste kom, mag jy na hartelus volop druiwe eet, maar in jou tas mag jy niks steek nie.*

Deuteronómium 24:5a: *As 'n man pas getroud is, hoef hy nie op kommando uit te trek nie.*

Deuteronómium 24:16: *Die vaders mag nie vir die kinders, en die kinders mag nie vir die vaders gedood word nie; elkeen moet vir sy eie sonde gedood word.*

Deuteronómium 25:2-3a: *As dan die skuldige slae verdien, moet die regter hom laat lê en hom in sy teenwoordigheid met 'n aantal slae laat slaan ooreenkomstig sy skuld; veertig slae mag hy hom laat gee, nie meer nie.*

In die Nuwe Testament skryf Paulus ook oor menseregte. Dis egter moeilik om tekste uit te haal, omdat dit in konteks gelees moet word. Dit is wel nog gebaseer op die tien gebooie soos in die O.T. Jesus leer ons dat liefde vir God en ons naaste die twee gebooie is waaraan die hele wet hang.

Die klem val nie op my reg nie, maar op die ander se reg.

Paulus skryf onder andere oor die regte van die vrou in die gemeente (1 Tim 2:9-15); huweliksregte (1 Kor 7); regte van ouers, kinders en slawe (Ef 5:22 - 6:9) en regte van weduwees en bejaardes (1 Tim 5:1-16).
As 'n mens die tekste lees, kom 'n mens agter dat die klem nie val op *my reg* nie, maar dat dit fokus op 'n *ander se reg*.

God stel range en gesag onder ons. Daaronder **het** ons sekere regte, maar ook sekere regte **nie**. Al gee die sondige **wêreld** ons meer regte teenoor ander, moet ons bly kyk na wat **God** ons veroorloof. God beperk ons geensins. Hy gee ons die reg om onsself *kinders van God* te noem. En dit gee ons die reg om op aarde te leef as heersers, eienaars en oorwinnaars!

MENSEREGTE: DIE OPLOSSING VIR DIE WÊRELD SE PROBLEME?

Annemarie Lubbinge

Menseregte het internasionaal sinoniem geword met geregtigheid, dit het die maatstaf vir 'n regverdige staatsbestel en tot 'n groot mate selfs die standaard vir Christelikheid geword.

Wat is menseregte?
Menseregte is regte in gevolge waarvan 'n individu se vryheid gehandhaaf en gewaarborg word teen inmenging deur die staat en ander owerheidsorgane (en soms deur ander individue). Hoofstuk 2 van die Grondwet omvat die menseregtehandves en sluit onder meer die volgende in: die reg op lewe, gelykheid, vryheid, onderwys, werk, ens.
Hierdie regte kan beperk word in gevolge artikel 36, maar slegs indien daar aan sekere vereistes voldoen word.

'n Menseregtehanves: meer as net 'n stel regsreëls
Dit is by die beoordeling van die beweerde Christelike aard van menseregte noodsaaklik om daarop te let dat menseregte vir die menseregte-beweging meer geword het as 'n ideologie en meer as net 'n stel regsreëls wat moet bydra om die samelewing vreedsaam te orden. Dit het 'n saak van **geloof** geword: **geloof** in die beweerde hoë waardigheid van die mens; **geloof** dat hierdie gewaande hoë posisie van die mens bo alles beskerm moet word; **geloof** by baie dat elke mens die beeld van God is en dat God self menseregte erken wil sien; **geloof** in 'n menseregtehandves as redmiddel vir wêreldprobleme; **geloof** dat die verwesenliking van menseregte sal sorg vir vryheid, veiligheid, vrede, voorspoed en geregtigheid.

Prof Danie du Toit, ‘n teoloog, verklaar dat menseregte ‘n “*universele…geloofsbelydenis*” geword het. Hy vervolg:
[*Menseregte is] die konkrete inhoud van die diepste versugting en nood van ‘n koerslose en verbysterde mensdom. Die gruwels van die Tweede Wêreldoorlog, die afgryslikhede van politieke verdrukking, militêre regimes, hongersnood, armoede en ellende oor die wêreld heen het die mensdom laat gryp na die ideaal van die regte van die mens as die finale en miskien die laaste middel wat hierdie wêreld van finale ondergang moet red.”*
Die ideologie van menseregte het dus in werklikheid in ‘n nuwe **godsdiens** en selfs in ‘n nuwe vorm van die “Christelike” evangelie ontaard.

Menseregte is die konkrete inhoud van die diepste versugting en nood van ‘n koerslose en verbysterde mensdom.



Die rol van die kerke in die ontwikkeling van die menseregte-beweging.
Tot ongeveer die middel van hierdie eeu het kerke wêreldwyd in die algemeen afwysend teenoor menseregte gestaan. Maar vandag lyk die prentjie radikaal anders. Skielik het die kerke tot die besef gekom dat menseregte ‘n oplossing vir die wêreld se probleme bied en baie kerke is nou die grootste kampvegters vir menseregte. Baie mense wat nog getwyfel het, is oorreed deurdat die kerke die stempel van “Christelikheid” goedkeurend op die ideologie geplaas het.

Die Suid-Afrikaanse Regskommissie verklaar:
“Ons meen werklikwaar dat diegene wat menseregte as onchristelik en onbybels beskou, totaal uit pas is met die ware Christendom.”
Menseregte word dus beskou as die teenswoordige manifestasie van die gebod van God en die evangelie van Christus. Dit is die vervulling van die Christen en die kerk se roeping, die verwesenliking van die koninkryk van God op aarde, die heiliging van die mens en voldoening aan die eise wat die Bybel stel.

Die mens as beelddraer van God.
“En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.” (Gen 1:26)
Die menseregte-beweging gebruik hierdie teks om te bewys dat **elke** mens die beelddraer van God en die kroon van die skepping is. Die mens het dus ‘n Godgegewe gesag, status en waardigheid. En omdat die mens so ‘n hoë waardigheid in die oë van God sou hê, verleen God self aan elke mens onvervreembare menseregte as deel van sy toerusting wat hy nodig het om sy Godgegewe roeping en taak te vervul.
Die siening dat elke mens ‘n beelddraer van God is, hou egter nie rekening met die volle inhoud van die Bybel nie. God het die mens na Sy beeld geskape en oor alles aangestel. Maar weens die sondeval het die mens sy gelykenis met God verloor en moet die mens sy sonde aflê om weer aan die beeld van sy Skepper gelyk te word (Kol 3:9-10 en 2 Kor 3:18). Die mens is dus nie meer van nature die beelddraer van God nie, as dit so sou gewees het, sou Christus en sy evangelie wat die gevalle mens weer tot die beeld van God wil herskep, irrelevant gewees het.

Menseregte in die lig van die lewe en die evangelie van Christus.

- Christus is by uitnemendheid die ware beeld van God en tog het Hy Hom nie op die beweerde onvervreembare menseregte beroep nie, ten spyte van die groot onreg wat Hom aangedoen is.
- Daar kan nou nie betoog word dat Christus se volgelinge hulle nou op menseregte kan beroep nie, want Christus verwag van sy volgelinge om net soos Hy op te tree (Mat 6:19-34). Hy leer ons om nie op eie waardigheid of posisie aan te dring nie, maar om onsself te verneder.
- Die Bybel leer ons om ons natuurlike begeertes af te takel, te misken, te verloën en ons nie daardeur te laat beheers nie. (Rom 13:14 *“Maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie.”*) Die menseregte-ideologie wil die mens se begeertes verander in onvervreembare, permanente Godgegewe aansprake en regte. Daar word gepoog om die begeertes aan te wakker, op te bou, te regverdig en uiteindelik te laat regeer.

Die implementering van ‘n handves van menseregte dui geensins daarop dat ‘n Christelike benadering uiteindelik sy verskyning

in die reg gemaak het nie; inteendeel hoe meer regsreëls in ‘n land nodig word, hoe meer bewys dit dat die invloed van die Christelike evangelie ‘n laagtepunt bereik het.
Indien die kerk die mens toerus met die gesindheid van Christus, sal nòg die streng veiligheidswetgewing, nòg ‘n handves van menseregte nodig wees.
Slegs gehoorsaamheid aan God en sy wette, stel die mens vry, terwyl humanistiese regte ons vasvang in sy web en ons slawe van ons eie begeertes maak.

MENSEREGTE - WAT SÊ DIE REG ?

Arnoud van den Bout

Hoe ver mag die regering gaan in die uitvoer van sy gesag? Mag hy na willekeur besluite neem en uitvoer wat vele mense van die bevolking raak? Menseregte bied ‘n antwoord op hierdie vrae.

Voor Suid-Afrika ‘n handves van menseregte gekry het, was daar geen beperkings op die parlement om na willekeur die regte van ‘n mens te beperk of op te hef nie. Die meerderheid van die bevolking was verder nie verteenwoordig in die parlement nie en kon dus nie beslissings van die minderheidsregering in die parlement teenstaan nie.



In die tydelike Grondwet van 1993 en in ons huidige Grondwet van 1998 vind ons egter wel ‘n menseregtehandves.
Artikel 1 van ons nuwe Grondwet (1998) verklaar dat die Grondwet die hoogste gesag (oppergesag) in die land is (hierdie stelling is duidelik verkeerd as ons uit ‘n Christelike oogpunt daarna kyk). Hierdie artikel sê verder dat die Grondwet ‘n waarde is “in ‘n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid”. Hierdie drie regte moet by die uitleg van die menseregtehandves bevorder word.

Geen wette, regulasies en reëls mag bots met die menseregtehandves nie. As dit bots moet sulke wette, regulasies of reëls eenvoudig verander word. Die konstitusionele hof, waarvan verlede jaar so baie in die nuus gehoor is, het as een van sy take om wette en reëls te toets aan die handves. As ‘n wet nie daaraan voldoen nie, word die wet soms ongeldig verklaar. Die Menseregtekommissie het ‘n soortgelyke taak - dit moet menseregte-skendings identifiseer en dit regstel.

Die menseregtehandves gee nie net voorskrifte aan die regering hoe om op te tree nie, maar gee ook voorskrifte aan privaat persone. Net so min as wat die regering op jou regte mag inbreuk maak, net so min mag ander mense dit doen.

Elke mens het sy eie regte. Soos ‘n mens sy regte uitoefen, kan dit nie anders as om inbreuk te maak op ander mense se regte nie; neem byvoorbeeld die volgende situasie: *Ek word toegelaat om met my kar werk, kerk ens. toe te ry, terwyl dit inbreuk maak op ander mense se regte van ‘n skoon omgewing.*
Dus word inbreukmaking op menseregte in verskeie gevalle wel toegelaat. Dit moet egter binne die grense van redelikheid en noodsaaklikheid bly en die inbreukmakings moet verder aan ‘n paar vereistes voldoen.
Daar bestaan dus ‘n sekere balans tussen elke persoon met sy regte, niemand kan sy regte altyd ten koste van ‘n ander persoon se regte uitoefen nie. In seker gevalle kan menseregte selfs deur die regering beperk word.

Die mens word bo alles verhef!

Elke mens het die volgende regte:

- Elkeen is gelyk voor die reg en het die reg op gelyke beskerming.
- Elkeen het die reg op sy waardigheid en op die beskerming daarvan.
- Elkeen het die reg op lewe.

- Elkeen het die reg op vryheid en sekerheid
- Niemand mag onderwerp word aan slawerny, knegskap of dwangarbeid nie.
- Elkeen het die reg op privaatheid.
- Elkeen het die reg op vryheid van gewete, godsdiens, denke,

oortuiging en mening.

- Elkeen het die reg op vrye uitdrukking.
- Elkeen het die reg om te vergader, te betoog en petisies voor te lê.
- Elkeen het die reg op vryheid van assosiasie (iemand mag dus omgaan met wie hy ook al wil).
- Elkeen het die reg om sy eie politieke keuses te maak.
- Elkeen het die reg om te stem en om as kandidaat vir die stemming te staan. Dit sluit die reg in op gereelde regverdige en vrye verkiesings.
- Niemand mag van sy burgerskap ontneem word nie.
- Elkeen het die reg op vryheid van beweging en die reg op ‘n paspoort.
- Elkeen het die reg om sy eie beroep uit te kies.
- Elke werknemer het ‘n spesifieke aantal menseregte.
- Niemand mag sonder geldige rede van sy eiendom ontneem word nie.
- Kinders het spesifieke regte.
- Elkeen het die reg om die taal van sy eie keuse te gebruik.
- Elkeen het reg op inligting deur die staat gehou wanneer menseregte van sekere mense beskerm word.
- Elkeen het die reg op ‘n billike regeringsoptrede en billike verhoor in ‘n hof.
- Verder het gearresteerdes sekere regte asook aangehoudenes.

Al hierdie bogenoemde regte word die sogenaamde “blou regte” genoem. Hierdie regte dien teenoor die staat as ‘n skild en die staat het nie die reg om inbreuk te maak op hierdie regte nie.

Elke mens het verder nog “rooi regte”. Hierdie regte dien as ‘n swaard vir die mense, omdat daar op hierdie regte aanspraak gemaak kan word waaraan die regering moet saamhelp om dit te vervul. Dis die volgende regte:

- Elkeen het die reg op behuising, gesondheidsorgdienste, voldoende voedsel, water en maatskaplike sekerheid.
- Elkeen het die reg op onderwys.

Elke mens het verder ook nog “groen regte” Dit hou in dat die mens die reg het op ‘n skoon omgewing.

Al bogenoemde regte het dus vernaamlik as doel om die regering se vrye optrede aan bande te lê en mense sekerheid en veiligheid te gee teen arbitrêre regeringsoptrede. Van redelik onlangs af is dit ook moontlik om jou regte horisontaal toe te pas, m.a.w. teenoor ander mense.

Elke keer by die inbreukmaking van regte sal elke party se regte opgeweeg word om ‘n balans te vestig. Niemand kan dus onredelik bevoordeel word nie.

Godsdiensvryheid

WAT IS GODSDIENSVRYHEID?

Rinus Kamphuis

Ons woon vandag in ‘n samelewing waar godsdiensvryheid heers. Dit beteken dat in die samelewing waarin ons woon, ons vry is om die geloof te beoefen wat vir ons die doel van die lewe uiteensit.

Volgens die handves van menseregte is godsdiensvryheid ‘n fundamentele reg van alle mense. Daardie reg het natuurlik sy perke en strek net so ver dat jy nie ander mense se regte mag aantas deur bv. die beoefening van sekere godsdienstige rituele nie.

Article 18. (United Nations Universal Declaration of Human Rights, 1948)
Everyone has the right to freedom of thought, conscience and religion; this right includes freedom to change his religion or belief, either alone or in a community with others and in public or private, to manifest his religion or belief in teaching, practise, worship and observance.

Die nuwe grondwet van die Republiek van Suid Afrika van 1996 is ook gefundeer op die handves van menseregte:

Vryheid van godsdiens, oortuiging en mening.
15(1) *Elkeen het die reg op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en mening.*

Owerheid en kerk
In ons samelewing is die owerheid die grootste bedreiger van die reg op godsdiensvryheid. Die skending van die reg op godsdiensvryheid geskied meestal van owerheidskant af.
Dink bv. aan die vervolging van Christene oor die eeue heen en vandag nog in Moslem- en kommunistiese lande.

Ons glo dat kerk en staat afsonderlik moet funksioneer. Die owerheid is ‘n middel in God se hand om ‘n sekere mate van orde op aarde te bewerkstellig. Die owerhede is deur God aangestel en ons moet daaraan gehoorsaam wees (Rom 13:1-7), tensy die owerheid iets van sy onderdane eis wat teenstrydig is met God se Woord, bv. die afdwing van sekere geloofsoortuigings.

Die kerk mag aan die ander kant ook nie die owerheid beïnvloed om wette en regulasies in te voer om sodoende die Evangelie te bevorder nie. Die Evangelie word nie met geweld/dwang uitgedra nie, maar deur middel van oortuiging en oorreding (1 Kor 1:17 en Sag 4:6). Dit veg met geestelike en nie met vleeslike wapens nie (Matt 26:52 en 2 Kor 10: 4). Dit kom in vrede en nie in onvrede nie (Joh 18:36).

Christene het egter wel die verpligting om die owerheid te herinner aan sy taak, naamlik geregtigheid vir almal en die morele basis waarop die samelewing gebou behoort te word.

Godsdiensvryheid en –gelykheid
Godsdiensvryheid in die praktyk beteken nie vir ons as Christene dat alle godsdienste gelyk is nie. Dit sou beteken dat dit nie saak maak wat jy glo nie, jy moet dan net in een een of ander bonatuurlike krag of mag glo om gered te word. Godsdiensvryheid is egter wel in juridiese terme godsdiensgelykheid. Die owerheid moet dus alle godsdienste gelyk behandel en beskerm.

Uit God se Woord weet ons dat God die enigste ware God is deur uitsprake soos: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe...” (Joh 14:6).
In 1 Timotheüs 2:5 staan ook: *“Daar is immers net een God, en daar is net een middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus.”*

Vandag is daar wêreldwyd nog steeds religieuse oorloë. Uit ‘n menslike standpunt is die term godsdiensvryheid dus bloot geskep uit ‘n behoefte aan vrede op aarde tussen die verskillende godsdienste onderling en die owerheid. Godsdiensvryheid is dus iets wat voortspruit uit die sondeval in die paradys en ‘n manier van die mensheid vandag om vrede op aarde te probeer bewerkstellig.

Ons as Christene weet egter dat net die verlosser Jesus Christus vrede in ons harte kan bewerkstellig, deurdat ons met die Bybel as norm in ons lewe strydend teen die aanvalle van die Satan, staande kan bly as gevolg van God se genade, en sodoende vrede op die nuwe aarde mag verkry.

BETROKKE BY POLITIEK?

Met die 1999 verkiesings aan die kom, is daar so ‘n paar jeuglede genader om hul eie menings te gee oor betrokkenheid by politiek in Suid-Afrika. Ons kyk so bietjie na die algemene gevoel onder die jeug oor stemreg, betrokkenheid by politiek en oor die nabye toekoms van ons land.

Die meningsopname is gedoen in die Pretoria-gemeente en die volgende vrae is aan die spesifieke deelnemers (A tot F) gevra:

	A	B	C	D	E	F
Ouderdom	23 jaar	24 jaar	24 jaar	21 jaar	20 jaar	22 jaar
Studeer of werk	Studeer	Studeer	Werk en studeer	Studeer en werk	Studeer	Studeer en werk
Is jy as kieser geregistreer vir die 1999 verkiesings?	Ja	Ja	Ja	Ja	Ja	Ja

Hoe ver dink jy, moet ons as gelowiges betrokke raak by politiek in Suid-Afrika?

A. As gelowiges in SA dink ek ons behoort in so 'n mate betrokke te wees by die politiek dat ons op hoogte is van die verskillende partye en waarvoor hulle staan. Dis vir my belangrik om die reg wat ons het om te stem ook te gebruik. Deur nie te stem nie "verbeur" jy ook eintlik jou reg om na die verkiesing 'n opinie te lug.

B. Ek voel deur te stem, raak ons betrokke. Stem of geen stem is ‘n aktiewe deelname omdat albei die eindresultaat kan beïnvloed. Verder kan ons deur briewe te skryf ook betrokke raak. As die regering iets toegee bv. aborsie, dan kan ons nie daarmee saamstem nie. In so ‘n situasie sal ons ‘n brief moet skryf. Die regering is mense wat God nie ken nie. Om as Christen tussen hulle te wees is vergesog (menslik gesien), maar vir God is niks onmoontlik nie.

C. Dit hang nogal van persoon tot persoon af. Sommige mense is meer polities aangelê as ander mense. As mens kyk na Daniël in die Bybel: Hy was ‘n gelowige mens, en tog was hy betrokke by die politiek van ‘n heidense wêreldstaat. Oor die algemeen het ons wel ‘n taak om sover as moontlik te sorg dat daar ‘n politieke bestel in Suid-Afrika is waar die Koninkryk van God gebou (nie afgebreek) kan word. Hetsy deur te stem, korrespondensie te rig aan die regering oor onetiese sake, of selfs aktief deel te neem aan politiek. Die Here vra van ons om in vrede met alle mense te lewe, maar dit beteken nie dat ons nie aktief kan stry teen die sonde nie.

D. Sjoe, wat 'n moeilike vraag. Om eerlik te wees weet ek baie min van politiek af en is ek ook nie regtig geïntereseerd daarin nie. Of my houding nou reg of verkeerd is, weet ek nie, maar as iemand sterk voel oor politiek "go for it", moet net nie verwag dat alle Christene dieselfde daaroor voel nie.

E. As gelowige het ons juis 'n verantwoordelikheid in Suid-Afrika en moet ons betrokke raak by ons land se politiek. God het die owerheid oor ons aangestel, en ons moet hulle gehoorsaam wees - solank dit nie teen God se wil in gaan nie, daarom moet ons die Here se wil aan die hele wêreld bekend maak deur ook te stem. As ons nie stem nie het ons geen grond om op te staan as ons kla oor die toestand in die land. *'Bad things happen because good people don't do anything about it.*'

F. Ons is in die wêreld en nie van die wêreld nie. Tog het ons ‘n skeppingsopdrag gekry om die wêreld te ontwikkel. Ons moet dus aktief wees. So glo ek het elke persoon sy posisie en mening in die lewe, ook in politiek. Om aan politiek deel te neem is nie verkeerd nie. As ‘n persoon die eienskappe het, mag hy selfs as kandidaat vir ‘n politieke party staan, en sodoende sy Christelike beginsels uitdra (eie persoonlike mening).

Dink jy dat jou stem in die 1999-verkiesing ‘n verskil gaan maak aan die geweld en lewensomstandighede in Suid-Afrika? Hoekom dink jy so?

A. Omdat ek sal probeer om my stem so verantwoordelik moontlik uit te bring, is die kans groot dat dit vir 'n minderheidsparty sal wees. Dit sal seker nie 'n direkte invloed op die geweld of lewensomstandighede in ons land hê nie, maar ten minste het ek my norme en waardes, wat berus op wat die Bybel ons leer, in ag geneem en sal ek hopelik met my keuse kan saamleef.
B. Nee. Eenmaal ‘n krimineel, altyd een. Die swartmense het ‘n meer primitiewe denke en omgang met mekaar. Die lewe is vir hulle nie baie werd nie. En ek glo ‘n verkiesing gaan nie hulle eeue-oue tradisies verander nie (bv. rassehaat onder die swart groepe; kriminele).
C. As ek hierdie vraag so kyk, dan begin ek bietjie magteloos voel. Wat gaan my een stemmetjie nou verander in hierdie land? Miskien sal ek minder magteloos voel as ek weet dat ‘n groot hoeveelheid van dieselfde stemme uitgebring word wat daadwerklik die geweld sal verminder en lewensomstandighede sal verbeter. Die vraag is net of hierdie die belangrikste dinge is wat moet verander op hierdie oomblik. Is die eerste ding wat moet verander nie miskien dat die regering meer volgens Christelike beginsels moet regeer nie? Ek het nou nie die beste feitlike agtergrond van die politiek in SA op hierdie oomblik nie, dus sal ek ook nie presies kan sê of my stem ‘n invloed gaan hê of nie. Maar oor die algemeen dink ek nie so nie.
D. Ek dink nie my een stem sal so seer 'n verskil maak aan die geweld en omstandighede nie. Tog glo ek 'n mens het 'n plig om te gaan stem. Om nou te gaan sê dit help tog nie om te stem nie, gaan die situasie ook nie help verbeter nie!
E. Ons is altyd te geneig om eers te dink wat die resultate sal wees voor ons iets aanpak en as dit wil lyk of ons niks gaan bereik nie gooi ons eerder die handdoek vroegtydig in as om later verkeerd bewys te word. Sê nou almal dink dat hulle stem tog nie 'n verskil sal maak nie, en bitter min mense gaan stem? Elke stem teen geweld en vir positiewe opbou tel, en saam kan dit 'n meerderheid wees.
F. Ja. As almal dieselfde redenasie voer dat sy stem nie ‘n verskil sal maak nie, dan sal dit ook nie. As elkeen egter glo dat sy een stem dié verskil sal maak, sal almal saam vir die verskil sorg.

Waar dink jy gaan ons in Suid-Afrika wees oor ongeveer 5 jaar ten opsigte van kerk, werk, skool en samelewing?

A. Ek is nie iemand wat in die toekoms kan sien nie en weet dus nie waar ons oor 5 jaar gaan staan nie. Vir die kerk kan ek maar net bid en glo dat die Here ons ook in moeilike omstandighede sal bewaar. Wat betref samelewing, werk en studie is dit moeilik om positief te bly, veral as mens na die huidige omstandighede kyk. Ek praat nou vanuit my beroepsoogpunt. Die opleidingstandaarde het reeds drasties geval en die gesondheidsdienslewering (veral staatsdiens) gaan met rasse skrede agteruit. Poste is vir die afgelope 2 jaar nie beskikbaar nie, behalwe in die privaarsektor. Dit is in sulke omstandighede moeilik om op die Here alleen te vertrou, wat tog die enigste is wat ons kan en moet doen.
B. - Kerk en skool (by die VGK) sal stabiel bly.
- Hoërskole sal so bly soos wat dit nou is, alhoewel dit versleg het die afgelope jare.
- Meer werkloosheid onder blankes.
C. 'n Mens weet nie watter wette daar nog ingestel kan word wat die beweging van die kerk, maar veral die van gereformeerde onderwys (by gereformeerde skole en ander skole) gaan inperk nie. ‘n Feit is natuurlik wel dat in teenstelling met die ‘reg van elke mens op godsdiensvryheid’, daar baie in die skole gebeur wat die Christelike geloof probeer kortwiek. Wat samelewing aanbetref is ek wel redelik positief. Daar is op verskeie plekke (bv. Soshanguve) groot verbeterings ten opsigte van basiese lewensomstandighede. Ek dink mens kan dankbaar wees daarvoor. ‘n Goeie leefomgewing staan redelik parallel met ‘n gesonde gees. Die probleem is net dat die ‘rigting’ van die regering jammerlik genoeg nie gerig is op die Here nie. Wat werk aanbetref – dit gaan soms maar moeilik gaan as mens kyk na die kleur van ons vel. Maar tog is dit die belangrikste om te weet dat die Here vir sy kinders sorg, in watter samelewing hulle ook al is.
D. 5 Jaar is nie regtig so 'n lang tyd nie. So ek glo nie dat veel sal verander nie. Die

samelewing dink ek het nog nie ewewig gekry nie, ek dink dit sal nog slegter word. Norms en waardes is besig om te verander, elke dag neem bv. misdaad toe. Tog kan dit ons as Christene sterker maak. So ook die kerk en die skool. Mense sê altyd ons moet vertroue hê. Persoonlik dink ek dit is makliker gesê as gedaan, maar dis miskien iets waaraan almal sal moet werk.

E. Die Bybel berei ons daarop voor dat dit al hoe slegter en slegter met die wêreld sal gaan - en dat die Jongste Dag dan sal aanbreek! In slegte ekonomiese tye gaan dit goed met die kerk omdat die mense dan hulle swakheid besef. Ons bid dat die kerk net groter en groter gaan word, al word die land al swakker. Ons moet juis nou ons toespits op die Here se wil en dit aan almal bekend maak.
F. ‘n Voorspeller sal nooit 100% reg kan wees oor die toekoms nie. Ons moet egter bly glo en vertrou op God. My mening oor die toekoms is egter soos volg:
Kerk: Minder en minder mense sal lede wees van kerke in Suid-Afrika. Die heilige Sabbat sal al meer misbruik word en die Woord van God sal dieper weggebêre word. ‘n Sterk humanistiese siening is besig (en sal) posvat.
Werk / Eknomie: Groot skeidings sal plaasvind tussen arm en ryk. Die armes sal armer word en die rykes sal ryker word. Werk sal skaarser word en baie druk sal op die ekonomie geplaas word as gevolg van epidemies soos VIGS.
Samelewing: Wat die moraal en standaarde van die samelewing gaan wees, sal moeilik wees om te bepaal. Die tyd sal ons leer of moorde en diefstal sal toeneem.

Geweld

EK HET MY AANVALLER VERMOOR !

Marié le Sueur

Ek skakel my radio aan en hoor: "Die hooftrekke van die nuus vandag: 'n Vrou van 80 jaar is gisteraand om ongeveer 23:00 in haar woonstel vermoor, en twee motorkapings laat motoriste vrees vir hul lewens."

Soortgelyke nuusberigte is alledaags. Moorde, transito-rooftogte, kapings, verkragting en vele meer. Ons raak al afgestomp en besef nie altyd hoe min ons lewens werd is in die oë van sekere koelbloedige misdadigers is nie. Maar stel jou voor so iets gebeur met jou? Hoe sal jy voel, of erger nog wat sal jy doen in so 'n situasie?

Die vraagstuk
Daar is verkeie gereformeerde gesinne wat pistole en ander wapens besit vir selfverdedigings doeleindes. Mag ons hierdie wapens gebruik? Mag ons ons naaste skade aandoen of selfs doodmaak uit selfverdediging? Hierdie vrae lyk op die oog af baie eenvoudig. Natuurlik! Hy bedreig mos my lewe? Hy is immers besig om te sondig? Dan kan ek mos, indien ek myself moet verdedig, hom doodmaak?

Ons naaste liefhê soos onsself
Tog sê God ons moet ons naaste, vyande en die wat ons haat, liefhê soos onsself.

In Levitikus 24:17 sê die Here: *"En as iemand enige mens doodslaan moet hy sekerlik gedood word."*
God ag menslike lewe so waardevol dat Hy beveel het dat as iemand die lewe van iemand anders neem, hy met sy eie lewe moet boet.

Assielsoekers
Dus Christene is liefdevolle mense wat hulle lewe sal aflê vir die wat hulle wil besteel, verkrag of kwaad wil aandoen? Hulle het immers hul naaste lief en wil ook hiermee God se liefde uitstraal!

Tog is dit nie wat die Here van ons vra nie.

In die Ou Testament het die Here die volk beveel om ses vrystede aan te wys waarheen persone wat "per ongeluk" iemand dood gemaak het, kon vlug. Ons ken immers die verhaal van Abner en Asael wat mekaar tot 'n tweegeveg uitgedaag het. Uiteindelik het Abner vir Asael gesê: "*Gee pad agter my! Waarom moet ek jou doodmaak*?" Hy is egter op die ou end tot selfverdediging gedwing en het hom doodgemaak. Hy is nie daarvoor geblameer nie. Niks in die Bybel verhoed ons om een of ander vorm van selfverdediging te gebruik om onsself, indien nodig, met geweld te verdedig nie.

So iemand kon vlug na een van die vrystede waar hy beskerm sou wees teen iemand wat die dood van die ander persoon wou wreek (Num 35).

Geen haat
Daar word ook duidelik gestel dat ons nie iemand uit wraak mag doodmaak nie. Dit wil dus sê dat indien iemand jou kwaad aandoen of jou bedreig moet jou eerste reaksie wees om te vlug (lees maar weereens die verhaal van Abner en Asael). Iemand moet jou lewe bedreig en daar moet geen ander uitweg wees om jou lewe te behou, as om die persoon te dood nie.

Tog weet 'n mens ook van gevalle waar iemand uit skok sy aanvaller doodmaak. Hierdie geval is baie moeiliker, maar indien dit werklik 'n ongeluk was kan so 'n persoon nie daarvoor aanspreeklik gehou word nie. Slegs wanneer iemand uit weerwraak doodmaak, moet hy volle verantwoordelikheid aanvaar vir daardie daad.

God beskerm
Hoewel ons met hierdie artikel 'n uiterste oorweeg is dit ook goed om hieroor na te dink. Moet nie dink: "Dit kan nie met my gebeur nie." Tog moet ons altyd besef dat God ons beskerm, en Sy engele is om ons, elke sekonde van ons lewe.
Indien ons leef in hierdie vertroue hoef ons nie in vrees te lewe nie.
Soek daarom jou toevlug en beskerming by God en nie by stomme wapens, alarms en feilbare elektronika nie.

Algemeen

KLASIE HET PROBEER

Uiteindelik, die einde van die jaar het aangebreek. Hoe lank het ons nie gewens dis Desembermaand waar die meeste van ons net kan wegbreek na 'n ander wêrelddeel en vergeet van enige werk en verpligtinge. 'n Tyd wat jy uitgebreid kan ontspan, die natuur gaan bewonder, in winkels rondloop en selfs baie ander mense kan ontmoet.

Almal geniet dit om nuwe mense te leer ken wat dalk jou tipe is en moontlik kan jy vriende met hulle raak. Hoe meer jy in hulle geselskap kom, hoe meer is daar die behoefte om saam iewers na toe te gaan of selfs net by die huis te wees en saam lekker te kuier.
Dis net jammer dat die vakansie so kort is en daarom word elke saamwees langer en langer gerek, want daar is nog oorgenoeg dinge om te doen en oor te gesels en van 'n afskeid binnekort word so veel as moontlik vergeet.

Een aand word daar besluit om saam te gaan kuier by Klasie se huis en almal is welkom. Die aand begin goed: almal gesels saam en lag heerlik oor die nuutste grappe op die mark. Maar soos die maan hoër rys, raak die onderwerpe om oor te praat minder. Op die ou einde weet jy nie meer wat om te sê nie en so word daar gesoek na ander dinge om te doen tot die einde van die aand aanbreek. Al gou het Klasie 'n vet plan - kom ons proe 'n slag die nuwe drank wat hulle so adverteer op TV of wat van 'n bietjie snuifmiddels. Baie van my ander vriende het dit al uitgeprobeer en hulle sê dis nie so erg nie ...

En dan gebeur dit. Dis asof die duiwel net betyds sy kans waargeneem het om hierdie koningskinders te verander in slawe. Self kom hulle dit glad nie agter nie, want Klasie en sy vriende het dit reggekry om in 'n droomwêreld vol fantasieë te beland wat hulle sommer ook laat vergeet van al die berge probleme wat hulle elke dag in die oë moet staar.

Maar dit duur nie lank nie, of iemand kom op hulle af en sukkel om hierdie slagoffers weer by te kry en hulle te help. Die ander wat ook daar was, is geskok toe hulle die nuus hoor en staan verslae, moedeloos. Hoe hanteer ek dit, wat staan my nou te doen? Nounet het ons nog almal saam gebid vir bystand van God in die jaar wat binne oomblikke sou aanbreek; skaars 'n week gelede het ons veel geleer oor hoe om teen die aanvalle van die wêreld te baklei en staande te kan bly in die geloof. En dan nog gebeur sulke dinge...

Jy sal seker nou dink, ja, maar dis net met sekere mense wat soiets sal gebeur. Ek weet mos hoe

om myself te gedra... oppas wat jy sê: almal se harte is boos en sleg en geneig tot sonde. Elkeen van ons het swak plekke en hierdie oomblikke wat ons amper nie eers kan regop staan nie, gebruik die satan om jou te laat val in die sonde.

Die Here waarsku in die Bybel as Hy sê: *"Wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie*." (1 Kor 10:12). Daarom moet daar baie gebid word sodat ons as koningskinders daarteen kan veg en staande kan bly teen die satan se aanvalle. As ons so gaan bid, wil dit dan sê dat niemand meer swak gaan word nie? Nee, want almal bly geneig om die verkeerde te doen, maar as daar so gebid word, vra ons God of Hy die aanslae van die duiwel wil weg hou van ons af sodat ons die goeie wil doen en heilig wil lewe vir die Here. En om heilig te lewe, moet jy jou liggaam ook heilig, want dit is 'n tempel van die Heilige Gees. Dit is wonderlik om te weet dat die Here wat so volmaak en almagtig is, hier binne in ons harte wil woon en werk sodat jy 'n koning, priester en 'n profeet mag wees. Daaroor moet ons baie bly wees.

Die Here woon nie net in jou hart nie, maar ook in al die ander mense van die kerk. Saam met hulle is ons een liggaam, waarvan Christus die hoof is. Jy moet daarom nie net jouself goed oppas nie, maar ook jou naaste oppas, want as ons dinge gaan doen wat verkeerd is voor die Here, word nie net jou liggaam beskadig nie, maar ook die ander lede van die Liggaam van Christus. Ons liggaam is nie 'n laboratorium waar allerhande eksperimente gedoen kan word nie, en ook nie ‘n ashoop waar jy maar enige giftige stowwe kan stoor nie. Dit is en bly die Heilige Gees se tempel en Hy vra van ons om dit met respek te behandel, want die manier waarop jou liggaam gebruik en ten toon gestel word, dra 'n boodskap uit na die wêreld. Laat ons almal 'n mooi beeld uitdra. 'n Lewe wat nie die fantasieë van die sonde geniet nie, maar bly is met al die mooi dinge wat God ons gegee het en dit GENIET.

GESANGE SING

Na die 1998 kongres in die Kaap is daar hier en daar besware gelug teen die feit dat daar gesange in die kongres-erediens gesing is. Dit was immers wel 'n bietjie ongewoon om gesange in die kerkdiens te sing.
Was die erediens op kongres ‘n “amptelike erediens” van die Vrye Gereformeerde Kerk in Kaapstad? Of was dit net ‘n “Kongres-erediens” waar dit “toelaatbaar” is om gesange te sing? Mog ons daar gesange gesing het of nie? Wat sê die kerkreg in daardie opsig?

Ons weet dat ons medebroeders en –susters in Bethal wel die gesange sing in hul eredienste. Daar word wel inhoudelik na die gesange gekyk, nie alle gesange word sommer voor die voet gesing nie, en dit word ondergeskik aan die Psalms gesing. Ook moet 'n mens onthou dat die VGK te Bethal se agtergrond en oorsprong Afrikaans is (waar die gesange meer gesing word), en die grootste gedeelte van die gemeentes te Kaapstad, Johannesburg, Pretoria en Maranatha se agtergrond en geskiedenis is meer Nederlands.

Daar word deesdae nogal baie gespekuleer oor die gesange in die erediens, ook in ons susterskerke in Nederland. Daar is baie vrae wat geen duidelike antwoorde het nie, soos:

- Mag ons gesange sing in ons eredienste?
- Is dit waar dat gesange nie deur die Heilige Gees geïnspireer is nie?
- Is dit hoekom ons net Psalms en Skrifberymings sing in die kerk?
- Wat is die Here se wil in hierdie opsig?
- Hoe beoordeel ons dit wat in die eredienste gesing mag word?
- Wat behels hierdie hele gesange kwessie nou eintlik? Is dit nou sommer net ‘n kwessie in die kerk, of steek daar meer in?

Die ander vraag met spesifieke toepassing op ons in Suid Afrika is: kan ons mekaar broeders en susters noem as hierdie verskille tussen ons gemeentes bestaan? Wat dink jy?

Skryf aan ons wat jy hieroor dink. Gee jou brief aan enige redaksielid by jou gemeente.

Groete!
Pretoria redaksie.

Rehobot

Gen 26:22 : " Nou het die HERE vir ons ruimte gemaak"

Jeug van die Vrye Gereformeerde Kerk te Bellville

DEUR DIE SLEUTELGAT

Ja, ons het weer ‘n nuwe jaar begin! Alle partytjies is weer verby en almal is weer aan die werk. Ten minste, so lyk dit. As 'n mens so na die Neelsie in Stellenbosch en die kafeteria daar by die Technikon kyk, sal jy dink dat die VGK-studente daar besig is met hulle M-graad in koffie-proe of chips-eet. Ook by die skole lyk dinge lekker rustig. Hulle vat sommer ‘n hele dag af om te gaan atletiek kyk en 'n bietjie te sing.

Nee, dis nie heeltemal waar nie. Die studente en skoliere werk baie hard. Dis net ‘n ander tipe werk as wat die broodwinners doen. Glo my, om ‘n hele dag op ‘n pawiljoen te sit en jou longe uit te sing, sit nie enige persoon se broek nie. En dan moet jy nog aan die einde jou kop buig en die ander skool gelukwens. Die ergste is as daar nog ander VGK-ers in die ander skool is. Dis taai, glo my!

In elk geval, die Jeugvereniging het ook weer begin. Ons het die eerste week ‘n huishoudelike vergadering gehad by die woonstel van Erik Raimond. Niemand moet weer vir my kom sê hulle huis is te klein om die jeug te kan huisves nie. Erik se woonstel het daardie aand plus minus 50 VGK-ers gehuisves. Nou, die probleem lê nie soseer by die 50 nie, maar eerder by die VGK-jeug. Enige ander jeuggroep sou rustig en netjies langs mekaar gesit het, maar nie ons nie! Ons sit en lê sommer op en oor mekaar. Dit was reuse pret.

Die tweede week het ons geprobeer om van Valentynsdag iets te maak. Elke jeuglid moes ‘n sjokolade bring, dit toedraai en dan ‘n gediggie bysit. Al hierdie lekkergoed is toe in ‘n boks gesit en elke jeuglid het een "getrek". Lyk my Giny het heerlik gesmul aan daardie “tabasco-sauce”-paaseier van haar. Blykbaar ‘n nuwe geur op die mark.
Ons het daardie selfde aand ook nog ‘n video gekyk van dr James Dobson wat handel oor die liefde. Dit was werklik insiggewend hoe hy die pragtige liefde tussen ‘n ou en ‘n meisie op so ‘n gelowige manier aangespreek het.

Saterdag, 20 Februarie was dit tyd om die strande van Clifton te bestorm. Ons het op Clifton gaan volleybal speel. Met pale, nette, sambrele en alles wat vir die strand nodig is, het ons daar op die strand afgepak. ‘n Klomp Portugese wat ‘n entjie van ons afgesit het, het ons die stryd aangesê op die volleybalbaan. Hulle het egter maar gesukkel om hond haar af te maak teen die VGK-ers. Toe hulle begin verloor, het daar ‘n paar vreemde Portugese woorde uitgekom. Ek wil liewer nie ‘n voorspelling waag oor wat hulle kwytgeraak het nie. Die aand het ons heerlik op die sand gelê en gesels. Ons sê dankie vir Monique wat dit vir ons gereël het. Komaan, ons soek nog van sulke ontspanning.

Sê julle nou vir my, wat is ‘n sleutelgat sonder iets oor die nuutste liefdes? Ja toe maar, ek weet wat julle gaan sê. Maar helaas is daar nie enige verwikkelings van aardskuddende implikasies nie. Dit wil egter wel voorkom asof die sleutelgat bietjie verstop was toe die sleutelgatloerder Maartje en Ewart met mekaar verbind het. Hulle sê mos: ‘n swaeltjie maak nog nie ‘n somer nie;

twee goeie vriende maak ook nog nie ‘n paartjie nie.

Jammer julle twee. Alle betrokke partye kan ook weer ontspan. Die “locksmith” het daai sleutelgat weer kom skoonmaak met die nuutste liefdesolie op die mark. Nou sien ons alles weer duidelik. Verder wil ons om verskoning vra vir die Bill Clinton-debakel. Dis ‘n foutjie wat ongesiens daar ingeglip het. Mag die Here ons help om ook op Christelike wyse ons sosiale aktiwiteite te beskryf.

Die sleutelgatloerder het ‘n paar navrae gekry i.v.m. die Johan-Maaike-faktor. Ja-nee, as ‘n meisie met ‘n ou se kar begin rondry, is daar meer as net ‘n slang in die gras. Daar is twee slange in die gras. Die een se naam is Johan en die ander een reageer op die naam Maaike. Dis nou AS sy reageer. Blykbaar bietjie besig. Terloops, ek hoor Johan se eerste woorde aan Maaike was: “Skuus tog, ek het my telefoonnommer verloor, kan ek joune kry?” Ai Johnny, miskien moet jy maar Dobson se raad volg en haar ‘n rand wed dat jy haar kan soen sonder om aan haar te raak.



Intussen het ons ook ‘n groot gees in ons midde gegroet. Floris Antonides, ex-lid van die BOJ, het besluit om sy studies in Durban te gaan voortsit. Ek sê ex-lid, want daar is weer bewerings van twee slange in die gras. In elk geval, baie sterkte Floris. Ons hoop dit gaan goed met die studies. Laat weet maar van jouself.

Ons het ook intussen ‘n nuwe persoon in Mirjam se plek vir die JS gekies. Mirjam is nou redaktrise van die Olielampredaksie in die Kaap en ons wens haar alle sterkte toe met haar werk. Ons wil ook vir Sonja baie geluk sê en baie welkom heet in die JS vir 1999. Mag die Here die JS ook seën in hulle werk.

Daar is ‘n paar lekker ontspannings in die pyplyn. Daaroor sal ons meer sê in die volgende uitgawe van die Olielamp. Lekker lees en hou maar daai sleutelgatte skoon.

Tarra
Die sleutelgatloerder

NUWELINGE ’99

Die Kaapse JV het vanjaar ses nuwe lede bygekry. Hulle is al so deel van die jeug dat ons hulle eintlik nie meer ”nuwelinge” kan noem nie. Dit is: Carien Antonides, Wietske Douma, Jan Geerts, Erik Jan Moes, Carina van Alten en Giny van der Vinne.

Ek het hulle gaan vra wat hulle van die jaar verwag. Almal het geantwoord dat hulle meer van God wil leer. Daar is bygevoeg dat hulle darem ook nog saam met die jeug wil ontspan. Op die vraag wat hulle nog sover die meeste geniet het, het almal saamgestem: die koffiedrinke. Carina sê sy het sover alles geniet, Carien onthou spesifiek nog die braai by hulle huis en Erik Jan het groot waardering vir Erik Raimond se interessante vrae tydens jeugvereniging – dit maak sy aand.

Ek wou hulle nog welkom heet, maar hulle voel alreeds baie welkom. Carien sê die twee Eriks, Sandra en Marco het haar baie welkom laat voel. By Carina was dit Erik Raimond en Sandra. Wietske voel weer Antionette het baie moeite met haar gedoen. Giny se vriendekring het baie vir haar beteken; Erik Jan glo ook sy twee vriende, Maarten en Arjan, het hom tuis laat voel. Jan sê almal is baie vriendelik met hom.

Die laaste vraag wat ek vir hulle gevra het was vir hulle die moeilikste om te beantwoord: wat gaan jy dié jaar bydra tot JV? Almal gaan aan besprekings deelneem, georganiseerde ontspanning bywoon en help met fondsinsamelings. Kortom: al hulle kragte inspan. Dit klink baie goed. As dit alles waar is, gaan ons ‘n vrugbare jaar tegemoet.

Baie welkom aan julle ses! Lewer julle insette en vra julle vrae. Ons is daar om mekaar te help waar ons kan. Mag dit ‘n geseënde jaar saam met die res van ons in die JV wees.

SOVER HIERDIE JAAR…

Ons is nou al weer drie maande verder in 1999. Sover het die Here ons al baie geleentheid gegee om Hom te dien binne die gemeenskap van die heiliges. Hetsy deur elke Sondag se eredienste, of deur die verenigingswerk. Ons mag die Here dank vir die ryk Woordverkondiging wat ons elke Sondag mag hoor. Ons wil as jeug van Pretoria ds Kleyn en ds Visser dankie sê vir al die harde voorbereidingswerk wat die preke voorafgaan. Ook wil ons julle werk aan die Here opdra dat Hy dit mag seën sodat dit mag vrugte afwerp in ons gemeentes.

Ons kon die verenigingsjaar afskop met ‘n baie geslaagde openingsvergadering. Al die verenigings in die gemeente (vanaf die ‘klein’ meisies- tot die ‘groot’ manne verenigings) het bymekaar gekom om die jaartema ‘huisgodsdiens’ te bespreek. Ds Kleyn het ‘n baie leersame inleiding gelewer. ‘n Mooi punt wat daaruit gekom het was: “Die liefde vir God se Woord maak vindingryk.” Die gelowige sal dus op enige manier probeer om in sy besige dagprogram uit die Bybel te lees, aangesien dit ons enigste bron van egte wysheid is. Dit was verder ook ‘n lekker aand om saam met die hele gemeente na te dink oor ‘n spesifieke onderwerp.

Die jeugverenigings is ook weer volstoom aan die gang. Die boek Job word bespreek. Ja, die Here is ‘n soewereine God wat alles in sy Hand het. As ons Vader het Hy ook die lewens van sy kinders in sy hand. En so was dit ook sy wil dat Hy Hendrik van der Horst tot Hom geneem het aan die einde van verlede jaar. Ons wil die gesin Van der Horst en die familie en vriende sterkte toewens met die verwerking van hierdie verdriet. Ons is bly dat Hendrik belydenis van geloof mog aflê voor sy sterwe. Dit is 'n verdere teken van hoe God in ons lewens werk en ons wil die Here loof en dankbaar wees vir sy werk ook in Hendrik se lewe. Ons as jeug mag ook daarvan getuig. So is die dood ‘n poort na die ewige lewe! Maurits Nederveen is ook deur die Here tot Hom geneem. Die meeste van ons het Maurits wel goed geken. Laat ons steeds die Here loof vir sy alwyse besluite. Verder wil ons die Here dank dat Hy vir Arjen, Rynald en Reinier in die lewe gespaar het na ‘n ernstige motorongeluk. Reinier het nogal baie seergekry – ons bid dat ook hy vinnig mag herstel en in ons midde mag terugkeer.

Van ons lede het op 27 Februarie gehelp met ‘n voorraadopname by A & J plastiek. Dit was ‘n suksesvolle aktiwiteit waarmee die eerste geld ingesamel is vir die kongres aan die einde van die jaar. Baie dankie aan almal wat gehelp het!

Laastens wil ons nog al die Nederlanders wat by ons is, hartlik welkom heet! Die meeste van hulle doen hul ‘stage’ (praktiese opleiding) hier in Suid-Afrika. Ons hoop julle vind ‘n goeie plekkie tussen ons. Laat ons as jeug hulle ook uitnooi as ons gaan koffiedrink en by ander aktiwiteite. Ons hoop julle geniet dit hier in die mooiste land van die wêreld….!

Aan al die jeug – baie sterkte met alles wat voor die boeg lê! Mag die Here dit seën!
Laat ons in alle teëspoed geduldig wees, en in voorspoed dankbaar wees vir die voorsienigheid van God. Verder kan ons vir die toekoms ‘n vaste vertroue in ons getroue God en Vader hê – dat geen skepsel ons van sy liefde sal kan skei nie, aangesien alle skepsels só in sy hand is dat hulle hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie! (Son 10, V&A 28)

VERJAARSDAE

Ons dank die Here dat Hy julle nog ‘n jaar vir ons gespaar het en ons mag julle die mooiste woorde toewens:

Laat, HEER, u seën op hul daal,
U guns uit Sion hul bestraal!
U wat beveel en – dit geskied,
Wil, Heer, u seen oor hul gebied!

(Psalm 134:4 – berymd)

Bethal		
Februarie	9	Hannes van der Merwe
April	9	Alet van der Merwe
	12	Ryno Fletcher
	26	Nicolene Fletcher
Johannesburg		
Maart	16	Jan Reyneke
	20	Wolter Bijker
	22	Johan van Lith
	28	Riaan Bekker
April	9	Guido Kuyvenhoven
Maranata		
Maart	3	Bertha de Jager
	8	Nick Vermaak
	11	Jennie Kampman
	11	Jean-Paul van den Bout
	25	Hilbert van den Bout
	31	Marinus de Jager
April	15	Hermien Bijker
	20	Johannes de Vries
	21	Gerda de Vries
	25	Herman de Jager
Kaapstad		
Februarie	15	Sonja van der Linden
	26	Magdel van der Lugt
	28	Carien Antonides
Maart	1	Corrien Geleijnse
	3	Geerarda van der Vinne
	21	Frans Douma
	21	Maarten Raimond
April	8	Maaike Raimond
	9	Marié le Sueur
	19	Maartje Eefting
Pretoria		
Maart	2	Marjanie en Ineke Roose
	13	Jaco de Wet
	15	Annemarie Lubbinge
	21	Annelieke de Vries
	21	Kornelis Miske
April	9	Anita Zielman
	10	Jan van de Weide
	19	Erika Ros
	25	Karina Smit

Die redaksie van *Die Olielamp* wens al sy lesers 'n vreugdevolle Paastyd toe

Volgende uitgawe:

- Hemelvaart
- Hoe staan jy teenoor jou predikant en sendeling?
- Rol van die Jeugsentrale
- Jeugontspanning - Houding daarteenoor en rede waarom dinge gedoen word.
- Hoe moet ons houding teenoor vakansie dae wees, passief of aktief? bv. Menseregte dag.

Sperdatum vir plasing van artikels: 1 April 1999